

**SONDAG 35**

**VRAAG EN ANTWOORD: 96**

	Teks	1933/53-vertaling	1983/91-vertaling	
<b>Vraag: Wat eis God in die tweede gebod?</b>				
<p>Antwoord: Ons mag God op geen enkele manier afbeeld nie</p>	1	Deuteronomium 4:15-16	Neem julle dan terdeë in ag ter wille van julle siele - want julle het géén verskyning gesien op die dag dat die HERE by Horeb uit die vuur met julle gespreek het nie - sodat julle nie verderflik handel deurdad julle vir julle 'n gesnede beeld, 'n gelykenis van enige afgodsbeeld, maak nie: 'n afbeelding van man of vrou,	Pas op! Die lewe is vir julle op die spel. Die Here self het met julle op Horeb uit die vuur uit gepraat, al het julle dié dag niemand gesien nie. Moenie julle eie ondergang soek deur vir julle 'n afbeelding as afgodsbeeld te maak nie: nie van 'n man of 'n vrou nie,
		Jesaja 40:18-19	By wie wil julle God dan vergelyk? Of watter gelykenis naas Hom stel? Die ambagsman giet 'n beeld, en die goudsmid trek dit oor met goud en smelt silwerkettings.	Met wie kan julle God dan vergelyk? Met watter beeld kan julle Hom gelykstel? 'n Beeld word deur 'n ambagsman gegiet en deur 'n smid met goud oorgetrek en met silwerkettinkies versier.
		Jesaja 40:25	By wie sal julle My dan vergelyk, dat Ek net so kan wees? sê die Heilige.	Met wie kan julle My dan vergelyk, wie is soos Ek? vra die Heilige.
		Handelinge 17:29	As ons dan die geslag van God is, moet ons nie dink dat die godheid aan goud of silwer of steen, die beeldwerk van menslike kuns en uitvinding, gelyk is nie.	Aangesien ons dan self van God afstam, moet ons nie dink dat die Godheid aan beelde van goud, silwer of klip gelyk is nie. Dit is bloot skeppinge van menslike vaardigheid en verbeelding.
		Romeine 1:22-25	Terwyl hulle voorgee dat hulle wys is, het hulle dwaas geword en die heerlikheid van die onverganklike God verander in die gelykvormigheid van die beeld van 'n verganklike mens en van voëls en viervoetige en kruipende diere. Daarom het God hulle ook in die begeerlikhede van hulle harte oorgegee aan onreinheid, om hulle liggame onder mekaar te onteer hulle wat die waarheid van God verruil het vir die leuen en die skepsel vereer en gedien het bo die Skepper wat geprys moet word tot in ewigheid. Amen.	Hulle gee voor dat hulle verstandig is, maar hulle is dwaas. In die plek van die heerlikheid van die onverganklike God stel hulle beelde wat lyk soos 'n verganklike mens of soos voëls of diere of slange. Daarom gee God hulle aan die drange van hulle hart oor en aan sedelike onreinheid, sodat hulle hulle liggame onder mekaar onteer. Dit is hulle wat die waarheid van God verruil vir die leuen. Hulle dien en vereer die skepsel in plaas van die Skepper, aan wie die lof toekom vir ewig. Amen.

<p>en Hom op geen ander manier vereer as wat Hy in sy Woord beveel het nie.</p>	<p>2</p>	<p>Deuteronomium 12:29-32</p>	<p>As die HERE jou God die nasies waar jy na toe gaan om hulle uit die besitting te verdrywe, voor jou uitroei, en jy hulle verdrywe en in hulle land woon, neem jou dan in ag dat jy nie, agter hulle aan, verstrik word nadat hulle voor jou uit verdelg is nie, en dat jy nie na hulle gode vra en sê nie: Hoe het hierdie nasies hulle gode gedien? - dat ek ook so kan doen. So mag jy nie handel met die HERE jou God nie; want alles wat vir die HERE 'n gruwel is, wat Hy haat, het hulle vir hulle gode gedoen; want selfs hulle seuns en hulle dogters verbrand hulle met vuur vir hulle gode. Alles wat ek julle beveel, dit moet julle sorgvuldig hou; jy mag daar niks byvoeg en daar niks van weglaat nie.</p>	<p>"Die Here julle God sal die nasies verslaan na wie toe julle op pad is om hulle te verdryf. As julle hulle oorwin het en in hulle land woon, moet julle sorg dat julle nie, selfs nadat hulle deur julle verslaan is, deur hulle in 'n valstrik gelei word wanneer julle na hulle gode sou begin uitvra nie. Moenie sê: 'Hoe vereer hierdie nasies hulle gode? Ek sou dit ook so wou doen' nie. Julle mag nie die Here julle God dien op die manier waarop hulle hulle gode dien nie, want wat hierdie nasies doen, is afskuwelik vir die Here: hulle verbrand selfs hulle seuns en dogters vir hulle gode. Die Here haat dit alles. "Elke gebod wat ek julle beveel het, moet julle gehoorsaam en daarvolgens moet julle lewe; julle mag daar niks bysit en niks daarvan wegvat nie."</p>
		<p>1 Samuel 15:23</p>	<p>Want wederstrewigheid is 'n sonde van waarsêery, en eiesinnigheid is afgodery en beelddiens. Omdat jy die woord van die HERE verwerp het, het Hy jou as koning verwerp.</p>	<p>Weerspanningheid is net so erg as die sonde van waarsêery; eiesinnigheid net so erg as die bedrog van afgodery. Omdat jy die woord van die Here verwerp het, het Hy jou as koning verwerp."</p>
		<p>Matteus 15:9</p>	<p>Maar tevergeefs vereer hulle My deur leringe te leer wat gebooie van mense is.</p>	<p>Dit help niks dat hulle My probeer dien deur leerstellings van mense as gebooie van God voor te hou nie."</p>